**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 19 MAART 2024 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | : | Raadslid *(sluit aan om 09:57)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/03/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadsheer De Vries die vergadering open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die afvaardigings van CK Rumboll naamlik me. Anelia Coetzee en me. Edwiné Booysen.

***

**BKN002/03/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Die Munisipale Bestuurder meld dat die Interne Ouditeur pos tans vakant is.

***

**BKN003/03/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/03/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 20 FEBRUARIE 2024 EN DINSDAG 27 FEBRUARIE 2024**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notules van die vergaderings, soos gehou op Dinsdag 20 Februarie 2024 en Dinsdag 27 Februarie 2024, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**BKN005/03/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 20 FEBRUARIE 2024 EN DINSDAG 27 FEBRUARIE 2024**
**3/3/2/2**
***(Die Implementeringsverslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings, soos gehou op Dinsdag 20 Februarie 2024 en Dinsdag 27 Februarie 2024.

***

**BKN006/03/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/03/2024**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/03/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededeling:

Hy deel die Raad en Administrasie se innige meegevoel mee met die heengaan van die Uitvoerende Burgemeester se moeder en wens hom en sy familie sterkte toe in hierdie moeilike tyd.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

1. Hy nooi die Wyksraadslede na die Bergrivier Burgemeestersrugbybeker 2024 toernooi wat op Saterdag 30 Maart 2024 plaasvind by Rhino's Sportgronde in Piketberg;
2. Hy nooi die Wyksraadslede, Direksie en amptenare na die Bergrivier "Praise and Worship" diens wat op Sondag 31 Maart 2024 plaasvind by Rhino's Sportgronde in Piketberg. Die doel van die diens is om te bid vir die euwels in die gemeenskap (kinders wat nie skool gaan nie, drankmisbruik, dwelmmisbruik, tienerswangerskap, geslagsgeweld ens.), asook die impak wat die euwels op die gemeenskap en op dienslewering het. Voorts meld hy dat daar vervoer beskikbaar sal wees vir die onderskeie gemeenskappe van Bergrivier Munisipaliteit na die diens;
3. Hy spreek sy kommer uit rakende die skrywes uit die Velddrif gemeenskap met spesifieke verwysing na die lesing van die watermeters en meld dat die item later in die agenda by **BKN015** bespreek sal word; en
4. Hy haal 'n aanhaling uit die "Tips for Mayors & Councillors for Better Service Delivery" (soos apart versprei aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie) en versoek dat almal, hul vergewis van die inhoud ten einde dienslewering te verbeter.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

Sy bedank alle Raadslede, amptenare en die publiek (die drie vennote) vir hul insette, bydrae en harde werk tot die sukses wat bereik is deurdat Bergrivier Munisipaliteit aangewys is as die tweede beste B3 Munisipaliteit in Suid-Afrika deur "Good Governance Africa".

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/03/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/03/2024**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/03/2024**
**<u>PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING EN SDBIP</u>**
**9/1/2**
**(*Die "Procurement Plan" word visueel vertoon soos elektronies versprei)***

Die Voorsitter lei die item in en spreek sy kommer uit rakende die vordering van die kapitaalspandering van die onderskeie departemente.

Die Direksie kry geleentheid om volledig terugvoer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te gee rakende hul onderskeie kapitaalprojekte waarna die Direksie bevestig dat alle kapitaalprojekte teen einde Junie 2024 afgehandel sal wees.

<u>Die volgende kwessies word uitgelig:</u>

- Dat die onderskeie Direkteure by hul onderskeie Staande Komitees moet terugrapporteer rakende die vordering en uitdagings van die onderskeie kapitaalprojekte vir moniteringsdoeleindes; — ***DIREKTEURE***

***(Raadslid Isaacs sluit om 09:57 by die vergadering aan).***

- Dat die Direkteure Tegniese Dienste en Gemeenskapsdienste by hul onderskeie Staande Komitees moet terugrapporteer rakende die spesifikasies wat vir kapitaalprojekte, met spesifieke verwysing na kleiner kapitaalprojekte, opgestel word ten einde die vordering te rapporteer wat foto's insluit vir moniteringsdoeleindes. — ***DIREKTEURE TEGNIESE DIENSTE & GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN012/03/2024**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: CLAIM INCIDENT 202 VOORTREKKER ROAD VELDDRIF</u>**
**5/12/2**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit rakende die tydperk wat verloop het vanaf die dag waarop die voorval aangemeld is totdat daaraan aandag geskenk is aan die klagte.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the information and outcome from the Municipality's insurer pertaining to the 3rd party claims relating to the 202 Voortrekker Road, Velddrif be noted by the Executive Mayoral Committee; and
2. That the Municipal Manager initiate an investigation to determine whether there was negligence in respect of the water assistance numbers of Bergrivier Municipality. — ***MUNICIPAL MANAGER***

***

**BKN013/03/2024**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JANUARY 2024**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee and Council take note of the monthly budget statement and supporting documentation for January 2024.

***

**BKN014/03/2024**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: JANUARY 2024**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee and Council take note of the January 2024 Supply Chain Management Implementation Report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**BKN015/03/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 05 MAART 2024**
**5/1/1**

WATERREKENINGE

Die Voorsitter lei die item in.

Die volgende kwessies word uitgelig:

- Dat die Direkteur Finansiële Dienste met die Bestuurder: Inkomste verifieer of die briewe per pos of per hand afgelewer was rakende die hoë waterrekeninge soos ontvang. Dat die Direkteur Finansiële Dienste 'n e-pos aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee stuur ter bevestiging; ***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***
- Dat die Direkteur Finansiële Dienste 'n versoek gerig het aan die Inkomste afdeling dat geen lesings met 'n nul verbruik aanvaar moet word nie; ***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***
- Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste die kwessie rakende die uitreiking van die datakaarte opvolg met die IKT-afdeling. ***BESTUURDER: ADMINISTRASIE & REGSONDERSTEUNNGS-DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN016/03/2024**
**FINAL DRAFT: BERGRIVIER MUNICIPALITY SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK, 2024 – 2029 (BERGRIVIER MSDF, 2024 – 2029)**
**15/1/5/9**

Die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die onderstaande kwessies word uitgelig:

- Dat die benaming onder die "Cemeteries" "Historic cemetery, Kerk street" vervang moet word met "Sarel Cilliers Street cemetery including historic cemetery";
- Dat Porterville bygevoeg word by die behoefte wat bestaan om begraafplase uit te brei;
- Dat die publieke kommentaar soos verkry vanaf die publiek rakende die finale MSDF aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gestuur word ten einde hul te vergewis van die insette soos verkry; en
- Dat indien daar enige addisionele insette en kommentare is dit aan die konsultante van CK Rumboll gerig moet word voor die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Maandag 25 Maart 2024.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

**BESLUIT**

Dat die finale "Bergrivier Municipality Spatial Development Framework", 2024 – 2029, met die insette soos verkry, by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering en Raadsvergadering, soos geskeduleer vir Maandag 25 Maart 2024, voorgelê word.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

*(**Die Voorsitter bedank die afvaardigings en Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur vir die volledige proses, waarna die afvaardigings die vergadering verlaat om 10:24).***

**BKN017/03/2024**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 05 MAART 2024</u>**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Direkteur Korporatiewe Dienste 'n gesprek fasiliteer met die Menslike Hulpbrondienste afdeling rakende hul rol in die kortlys vergaderings en dat voorkeur verleen word aan die gemeenskap van die Bergrivier Munisipale area indien die kwalifikasievereiste 'n graad 12 en minder is.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Op navraag van Raadsheer De Vries rakende die lang- en kortlys van die Senior Superintendent Elektries meld die Munisipale Bestuurder dat sy sal toesien dat die Portefeulje Voorsitter die versoekte lyste ontvang.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN018/03/2024**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 06 MAART 2024</u>**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Direkteur Gemeenskapsdienste 'n vorderingsverslag voorlê rakende die Piketberg swembad, Watsonia sportveld en die Duiwe-klub.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN019/03/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 06 MAART 2024**
**9/1/2**

'n Bespreking vind plaas rakende die boom in Redelinghuis wat afgesny moet word asook die proses wat gevolg moet word.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die boom in Redelinghuis gesny moet wees voor die Publieke Deelnameproses in Redelinghuis in April 2024.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN020/03/2024**
**ELEKTRIESE DIENSTE PERSONEELBEHOEFTES**
**4/1/2/3**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item in. DirekteurTegniese Dienste lewer addisionele inligting.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

***(Raadslid Moolman ervaar konneksie-probleme)***

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat 'n gesprek gefasiliteer word rakende die identifisering van die kapasiteitsbehoeftes in die onderskeie departemente, in ag genome die goedgekeurde begrotingsbedrag vir nuwe poste.

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir verdere gesprekvoering tussen die Munisipale Bestuurder, Direkteur Korporatiewe Dienste en Direkteur Tegniese Dienste ten einde die korrekte proses te volg vir die verandering van die mikro-organogram.

***MUNISIPALE BESTUURDER, DIREKTEURE: TEGNIESE DIENSTE EN KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN021/03/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 07 MAART 2024**
**9/1/2**

Elektriese Netwerke

Raadsheer De Vries lei die item kortliks in en spreek sy kommer uit rakende diefstal van kabels in die Bergrivier Munisipale area.

Voorts meld hy dat die brande by stortingsterreine 'n risiko is en versoek hy dat 'n plan in plek gestel moet word rakende die aangeleentheid.

Vervoer en bestuur van Vullis: Piketberg en Velddrif

Die Voorsitter versoek dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n verslag voorlê by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee rakende 'n oplossing om die vervoerkoste te verminder. Hy spreek sy kommer uit rakende die talle herwinningsvullis wat vervoer moet word asook die bestuur en die kapasiteit daarvan.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

Oorlaaistasie / Stortingsterreine (vullisgatte): Piketberg en Velddrif

Die Voorsitter spreek sy kommer uit rakende die brande by die stortingsterreine (vullisgatte). Die Voorsitter versoek dat 'n oplossing gevind word om die brande te verhoed asook die vrye toegang tot die terreine te beperk in Velddrif.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

Alternatiewe energiebronne tydens beurtkrag

Die Voorsitter versoek dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n plan voorlê by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee rakende wat beplan word vir alternatiewe energiebronne by die "Blackout projects" wat nie net fokus op kragopwekkers nie.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

Bergrivier Munisipaliteit se elektriese rekening

Die Voorsitter versoek dat die Direkteur Finansiële Dienste die elektriese rekening van al die munisipale geboue en fasiliteite van Bergrivier Munisipaliteit aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorsien ten einde hul te vergewis van die inligting. Raadsheer De Vries versoek dat die Direkteur Finansiële Dienste die spandering aan kontrakteurs, tegnici en spesialiste vir die instandhouding van die elektriese netwerke deel maak van die verslag met betrekking tot die elektriese rekeninge.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN022/03/2024**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN023/03/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die amptenare verlaat die vergadering om 12:13, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Direkteur Korporatiewe Dienste, Direkteur Finansiële Dienste en Klerk: Komitees die vergadering In-Komitee voortsit.)***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:40***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***

***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***